

18 Julie, 2019

EIMS Verw.: GPK/gpk/1304

DMR Verw.: NC30/5/1/1/2/12390PR

Geagte Belanghebbende en Geaffekteerde Party,

KENNISGEWING MET BETREKKING TOT 'N AANSOEK VIR 'N PROSPEKTEERREG EN OMGEWINGSMAGTIGING OP GEBIED 3- WIT PUTS BINNE DIE NAMAKWA EN ZF MGCAWU DISTRIK MUNISIPALITEITE IN DIE NOORD-KAAP PROVINSIE

Environmental Impact Management Services (Edms) Bpk (EIMS) is aangestel deur Black Mountain Mining (Edms) Bpk – die Aansoeker – vir die voorbereiding en indiening van 'n Basiese evalueringsverslag (BAR) en Omgewingsbestuursprogram (EMPR), sowel as die uitvoering van 'n geïntegreerde openbare deelname proses ter ondersteuning van 'n aansoek vir 'n Prospekterreg en Omgewingsmagtiging.

Die Prospekterreg aansoek sal in ooreenstemming wees met die vereistes van die Minerale en Petroleum Hulpbron Ontwikkelings Wet (Wet 28 van 2002, soos gewysig) (MPRDA) en die gepaardgaande regulasies; asook die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998, soos gewysig) (NEMA) en die gepaardgaande regulasies, wat ingedien sal word by die Departement van Minerale Hulpbronne (DMR) Noord-Kaap.

Black Mountain Mining (Edms) Bpk, het 'n aansoek vir 'n Prospekterreg ingedien om te bepaal of ekonomiese lewensvatbare minerale bronne van Ysterhoudende en basismetale (Koper, Yster Lood, Sink, Mangaan, Nikkel en Molibdeen) en alle verwante metale en minerale. Edelmetale (gouderts, silwererts) en alle verwante metale en minerale in die aansoek area voorkom Beide nie-indringende en indringende prospekteringstegnieke sal toegepas word. Die teiken geologiese formasie is die Boesmanland Groep.

Die Wit Puts Projek Area strek oor 'n oppervlak van ongeveer 174 126 hektaar. Die voorgestelde prospektering gebied is ongeveer 114 kilometers Suid oos van die dorp Aggeneyns en 200 kilometers Oos van die dorp Springbok, Namakwaland Distrik, Noord-Kaap Provinsie. Die betrokke eiendomme en plase word in die aangehegte agtergrondinligtingsdokument aangedui. Hierdie eiendomme kan verander na die aanvaarding van die Prospekterreg-aansoek deur die DMR. Indien die aansoekarea verander, sal die opgedateerde eiendomme in die konsep Basiese Evalueringsverslag voorsien word wat beskikbaar sal wees vir publieke kommentaar.

Hierdie aansoek vir 'n Prospekterreg en Omgewingsmagtiging, sal uitgevoer word volgens Artikel 16 van die MPRDA en Hoofstuk 4 van die Regulasies oor Omgewingsimpakbepaling, 2014 (GNR 326), uitgevaardig kragtens die NEMA. 'n Openbare deelname proses vorm 'n belangrike deel van die aansoek proses.

Hierdie kennisgewing geskied volgens klousule 16 van die MPRDA en Hoofstuk 6 van die Regulasies oor Omgewingsimpakbepaling, 2014, wat vereis dat Black Mountain Mining (Edms) Bpk skriftelike raadpleeg met grondeienaars, wettige huurders en geaffekteerde partye. **In hierdie verband, wil EIMS graag grondeienaars vra om asseblief alle huurders op die onderskeie eiendomme in kennis te stel van die voorgestelde ontwikkeling, of alternatiewelik huurders se kontakbesonderhede aan EIMS verskaf om te verseker dat hierdie persone ingesluit word by die openbare deelname proses en alles toekomstige kennisgewings rakende hierdie projek.** Die resultate en uitkomst van konsultasie sal ingesluit word in die BAR wat voorgelê sal word aan die DMR vir beoordeling van hierdie aansoek.

Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GPe) word die geleentheid gebied om te registreer en kommentaar te lewer op die voorgestelde aktiwiteite. Ten einde te verseker dat u geregistreer is as 'n B&GP, verstrek asseblief u naam, kontakbesonderhede en rede vir u belangstelling aan Environmental Impact Management Services (Edms) Bpk (EIMS se

kontakbesonderhede verskyn aan die einde van hierdie brief). Sluit asseblief die projek verwysingsnommer 1304-3 in alle korrespondensie in.

Let asseblief daarop dat slegs geregistreerde B&GPe in kennis gestel sal word van enige verdere projek inligting. Kommentaar sal ingesluit word in die finale BAR, wat voorgelê sal word aan die DMR aan die einde van die proses.

Indien u enige bekommernisse en/of kommentaar het (insluitend die met betrekking tot omgewings-en sosiale impakte), voltooi asseblief die aangehegte vraelys. 'n Kopie van die agtergrondinligtingsdokument (BID) is ook ingesluit by hierdie kennisgewing.

Enige navrae, kommentaar of bekommernisse ten opsigte van hierdie kennisgewing kan gerig word aan EIMS by:

- Kontakpersoon: GP Kriel
- Epos: witputs@eims.co.za
- Faks: 086 571 9047
- Tel: 043 722 7572
- Posadres: P.O. Box 19731, Tecoma, 5214
- Verwysings no: 1304-3

Voel asseblief vry om die ondergetekende te kontak indien u enige navrae of kommentaar het.

Vriendelike groete,

GP Kriel